



BEHEREND BEPERK • HOLDINGS LIMITED

**NWK BEHEREND BEPERK**  
(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)  
Registrasienommer: 1998/007243/06  
4AX Aandelekode: 4ANWKH  
ISIN: ZAE400000028  
  
(“**NWK Beherend**”)

---

## SUBSTANSIEËLE TRANSAKSIE AANKONDIGING RAKENDE DIE AANBOD VAN NWK BEHEREND OM AL DIE OORBLYWENDE UITGEREIKTE NWK AANDELE WAT DIT NIE REEDS HOU NIE TE VERKRY VANAF NWK AANDEELHOUERS

---

### 1. INLEIDING

- 1.1. Aandeelhouers van NWK Beherend (“**NWK Beherend Aandeelhouers**”) word verwys na die gedetailleerde gesamentlike aankondiging van vaste voorneme (“**FIA**”) gepubliseer deur NWK Beherend en NWK Beperk (“**NWK**”) gedateer 08 Junie 2020, rakende die vaste voorneme van NWK Beherend om ‘n aanbod (“**Aanbod**”) te maak om al die oorblywende uitgerekte gewone aandele van NWK (“**NWK Aandele**”) wat dit nie reeds hou nie, te verkry vanaf die houers van NWK Aandele, anders as NWK Beherend self (“**NWK Aandeelhouers**”).
- 1.2. Die Aanbod om al die oorblywende NWK Aandele wat NWK Beherend nie reeds hou nie, te verkry, sal geskied by wyse van:
  - 1.2.1. aanvanklik ‘n reëlingskema (“**Skema**”) in terme van artikel 114(1)(c) van die Maatskappywet 71 van 2008 (“**Maatskappywet**”), voorgestel deur die raad van direkteure van NWK (“**NWK Raad**”) (op aanbeveling van die NWK Onafhanklike Raad (soos gedefinieer in die FIA)) tussen NWK en die NWK Aandeelhouers in terme waarvan, indien dit suksesvol geïmplementeer word, NWK Beherend al die NWK Aandele wat dit nie reeds hou nie, sal verkry, met ‘n gevoldlike denotering van alle NWK Aandele vanaf die amptelike lys van 4 Africa Exchange Eiendoms Beperk (“**4AX**”) met die gevolg dat NWK ‘n ongenoteerde volfiliaal van NWK Beherend sal word; of
  - 1.2.2. daarna en indien, onder andere, nadat die Skema voorgestel is, die NWK spesiale algemene vergadering ter oorweging van die Skema en ten einde daarop te stem, gekanselleer sou word deur NWK, of nie gehou sou word nie vir enige rede, of indien die goedkeuring van ‘n hof vereis sou word, maar nie verkry word nie, of indien enige opskortende voorwaarde van die Skema nie vervul word nie en, waar van toepassing, daar nie van afstand gedoen word nie, of die Skema andersins misluk, dan ‘n algemene aanbod deur NWK Beherend aan NWK Aandeelhouers (“**Algemene Aanbod**”) soos bedoel in artikel 117(1)(c)(v) van die Maatskappywet, in terme waarvan NWK Beherend die NWK Aandele teen die Aanbodprys (soos gedefinieer in die FIA) verkry en op die terme en onderhewig aan die voorwaardes soos uiteengesit in die gekombineerde aanbod omsendskrywe wat gestuur word aan NWK Aandeelhouers. Vervolgens, na die Algemene Aanbod en onderhewig aan die aanneming van ‘n besluit om te denoteer, sal NWK gedenoteer word vanaf 4AX en ‘n ongenoteerde filiaal van NWK Beherend word,

gesamentlik na verwys as die voorgestelde transaksie (“**die Voorgestelde Transaksie**”).

- 1.3. Die doel van hierdie aankondiging is om kortliks die besonderhede van die algemene aard van die Voorgestelde Transaksie uiteen te sit, ter nakoming van die noteringsvereistes (“**4AX se Noteringsvereistes**”) van die beurs wat deur 4AX bedryf word.

### 2. RASIONAAL VIR DIE VOORGESTELDE TRANSAKSIE

Die raad van direkteure van NWK Beherend (“**NWK Beherend Raad**”) beoog om die Voorgestelde Transaksie te implementeer vir, onder andere, die volgende redes en/of om die volgende doelwitte te bereik:

- 2.1. die Voorgestelde Transaksie, indien geïmplementeer, sal NWK Beherend se verklaarde doel en verbondenheid daartoe realiseer om nader aan sy stigtingsdoelwitte te beweeg, een waarvan is om die kontingent van bona fide kommersiële produsent (“**BFCAP**”) aandeelhouers binne NWK Beherend en sy filiale (“**NWK Groep**”) te versterk;
- 2.2. die suksesvolle implementering van die Skema (of die Algemene Aanbod, indien die Skema sou misluk, en onderhewig aan die vervulling van die opskortende voorwaardes rakende die Algemene Aanbod) sal lei tot die ontbondeling van die huidige dubbele organisatoriese struktuur tussen NWK Beherend en NWK, wat ‘n vereenvoudigde groepstruktuur tot gevolg sal hê asook ‘n wesenlike verlaging van die gepaardgaande administratiewe koste en vermindering van die korporatiewe las van tyd wat spandeer word aan die bestuur van die dubbele organisatoriese struktuur; en
- 2.3. die suksesvolle implementering van die Voorgestelde Transaksie sal tot gevolg hê dat die uitgereikte gewone aandele van slegs NWK Beherend (“**NWK Beherend Aandele**”) genoteer sal wees op die beurs wat deur 4AX bedryf word.

### **3. KOOPPRYS**

- 3.1. NWK Beherend hou ongeveer 79.45% van die NWK Aandele en het ten doel om, onderhewig aan die vervulling of afstanddoening van sekere opskortende voorwaardes, ingevolge die Aanbod die oorblywende 20.55% (ongeveer 29 390 985 NWK Aandele) van die NWK Aandele vir ‘n beraamde totale vergoeding van R176 345 910 (“**Koopprys**”) te verkry, wat vereffen sal word by wyse van nuut uitgereikte NWK Beherend Aandele en kontant soos aangetoon in paragrawe 3.2.1 en 3.2.2 hieronder, respektiewelik.
- 3.2. Die Aanbodprys sal bestaan uit ‘n aandeel-vir-aandeel aanbod aan NWK Aandeelhouers in terme waarvan die NWK Aandeelhouers hulle bestaande NWK Aandele sal verruil vir nuut uitgereikte NWK Beherend Aandele. Nietemin, as gevolg van die BFCAP kwalifiseringsvereistes van toepassing op die NWK Beherend Aandele (soos uiteengesit in NWK Beherend se memorandum van inkorporasie), kan slegs daardie NWK Aandeelhouers wat voldoen aan die BFCAP kwalifiseringsvereistes NWK Beherend Aandele in terme van paragraaf 3.2.1. ontvang. NWK Aandeelhouers wat nie voldoen aan die BFCAP kwalifiseringsvereistes nie, sal daarom ‘n alternatiewe en gelykwaardige kontantvergoeding in terme van paragraaf 3.2.2. ontvang. Dienooreenkomsdig:
  - 3.2.1. sal daardie NWK Aandeelhouers wat voldoen aan die BFCAP kwalifiseringsvereistes (“**BFCAP Deelnemers**”) daarom die aandele alleen vergoeding van die Aanbodprys ontvang, elk 1.2419 NWK Beherend Aandele ontvang vir elke 1 NWK Aandeel wat vervreem word deur sodanige BFCAP Deelnemer aan NWK Beherend in terme van die Aanbod (“**Aandele Alleen Vergoeding**”); en
  - 3.2.2. sal daardie NWK Aandeelhouers wat nie voldoen aan die BFCAP kwalifiseringsvereistes nie (“**Nie-BFCAP Deelnemers**”), elk die kontant alleen vergoeding van die Aanbodprys ontvang, synde ‘n bedrag van R6.00 per NWK Aandeel (“**Kontant Alleen Vergoeding**”).
- 3.3. Die Koopprys is onderhandel tussen die NWK Beherend Raad en die NWK Raad, na oorweging van die waardasieverslag wat opgestel is deur ‘n professionele onafhanklike deskundige, BDO Corporate Finance Ingelyf.

### **4. AANDELEKAPITAAL**

- 4.1. Soos op die datum van hierdie aankondiging, was NWK Beherend se gemagtigde en uitgereikte gewone aandelekapitaal as volg:

---

#### **GEMAGTIGDE AANDELEKAPITAAL**

---

170 000 000 gewone geen pariwaarde aandele

---

#### **UITGEREIKTE AANDELEKAPITAAL**

---

84 680 920 gewone geen pariwaarde aandele

8 468 089 NWK Beherend Aandele gehou in tesourie, synde NWK se voordelige aandeelhouding in NWK Beherend

---

- 4.2. Sou die Voorgestelde Transaksie geïmplementeer word, gebaseer op die veronderstelling dat die maksimum hoeveelheid NWK Beherend Aandele uitgereik word in terme van die Aandele Alleen Vergoeding, sal NWK Beherend se gemagtigde en uitgereikte gewone aandelekapitaal as volg wees:

#### **GEMAGTIGDE AANDELEKAPITAAL**

---

170 000 000 gewone geen pariwaarde aandele<sup>1</sup>

---

#### **UITGEREIKTE AANDELEKAPITAAL**

---

116 635 493 gewone geen pariwaarde aandele

---

8 468 089 NWK Beherend Aandele gehou in tesourie, synde NWK se voordeelige aandeelhouding in NWK Beherend

---

**Nota:**

1. Gebaseer op die veronderstelling dat ongeveer 87.55% van die 29 390 985 NWK Aandele gehou word deur BFCAP Deelnemers, en daarom die uitreiking van 31 954 573 NWK Beherend Aandele ten opsigte van die Aandele Alleen Vergoeding per paragraaf 3.2.1 hierbo.

## **5. FINANSIEËLE INLIGATION**

NWK Beherend Aandeelhouers word verwys na die FIA vir die *pro forma* impak van die Voorgestelde Transaksie op verdienste, bates en laste van NWK Beherend.

## **6. KLASIFIKASIE VAN DIE VOORGESTELDE TRANSAKSIE**

Die Voorgestelde Transaksie, deurdat dit saamgevoeg word met die verkryging van NWK Aandele vanaf Grindrod Trading Holdings Eiendoms Beperk (soos aangekondig op 02 September 2019 op die 4AX nuusdiens), gesamentlik stel 'n Substansiële Transaksie ("Substantial Transaction") daar in terme van 4AX se Noteringsvereistes, waarvoor goedkeuring deur die NWK Beherend Aandeelhouers vereis word. 'n Omsendskrywe waardeur 'n spesiale algemene vergadering byeengeroep word en wat verdere inligting ten aansien van die Voorgestelde Transaksie bevat, sal mettertyd gestuur word aan NWK Beherend Aandeelhouers.

Lichtenburg

08 Junie 2020

#### **TRANSAKSIE ADVISEUR EN 4AX EKSTERNE UITREIKINGS AGENT:**

Pallidus Capital Eiendoms Beperk

#### **REGSADVISEURS TOT DIE NWK GROEP:**

**Cliffe Dekker Hofmeyr Ing.**

Aandeelhouers se aandag word byvoorbaat daarop gevvestig dat:

1. Gegewe die 4AX se Noteringvereistes is hierdie dokument se weergawe in Engels die enigste weergawe wat regulators verpligtend is, maar word dit deur NWK Beherend verkies om hierdie dokument in beide Afrikaans ("Afrikaanse Weergawe") en Engels ("Engelse Weergawe") te versend.
2. Alhoewel NWK Beherend alles binne sy vermoë gedoen het ten einde te verseker dat die Afrikaanse Weergawe ooreenstem met die Engelse Weergawe, is slegs die Engelse Weergawe deur al die betrokke spelers (NWK Beherend, die 4AX-Beurs, die korporatiewe adviseur en uitreikersagent, Pallidus Capital enregsadviseur tot die NWK groep, Cliffe Dekker Hofmeyr Ing.), benewens NWK Beherend, nagegaan en afgeteken.
3. Nog die 4AX-Beurs, nog die korporatiewe adviseur en uitreikersagent, Pallidus Capital, nog dieregsadviseur tot die NWK groep, Cliffe Dekker Hofmeyr Ing. was betrokke in die voorbereiding en finalisering van die Afrikaanse Weergawe en kan geen van die genoemde partye verantwoordelik gehou word vir die regstegniese korrektheid van die vertaling van die Engelse Weergawe na die Afrikaanse Weergawe nie, en die genoemde partye aanvaar ook nie enige aanspreeklikheid vir enige foute en/of gebreke wat in die Afrikaanse Weergawe vervat mag wees en/of voorkom nie.
4. Aandeelhouers moet verder daarop let dat tot die mate wat daar verskille en/of gebreke mag bestaan tussen die Afrikaanse Weergawe en die Engelse Weergawe, sal die Engelse Weergawe voorrang geniet.
5. Beide die Afrikaanse Weergawe en die Engelse Weergawe van hierdie aankondiging is vir aflaai beskikbaar vanaf die 4AX-nuusdiens platvorm (<https://portal.4ax.co.za/Public/FansAnnouncementProfile>), asook NWK se webtuiste (<https://www.nwk.co.za>).